NHLRP | National Home Language Reading Programme


# Assesseringsboek

GRAAD 3

## AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTAAL 3



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST
ETDP SETA
2030 NDP
Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation
SACE



# Assesseringsboek

GRAAD 3 | KWARTAAL 3

## AFRIKAANS

NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Inhoud


| | |
|---|---|
| KWARTAAL 3 OORSIG | 2 |
| KWARTAAL 3 MLV-TOETSE | 3 |
| KWARTAAL 3 ONTLEDINGSVORM | 11 |
| KWARTAAL 3 ASSESSERINGSPROGRAM | 13 |



# KWARTAAL 3

## Oorsig

Hierdie boekie bevat die mondelinge leesvlotheidstoetse en die assesseringsprogram vir Kwartaal 3.

Onthou asseblief dat die Assesseringsboekie vir Kwartaal 1 en 2 die MLV-rekordstate bevat. Dit sluit ook instruksies in oor hoe om die toetse af te neem en hoe om die uitslae te gebruik.



# Kwartaal 3 MLV-Toetse

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.3.A**
Onderwyser se kopie
60 klanke / 60 sekondes

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| u | T | k | a | r | 5 |
| N | ie | L | v | d | 10 |
| w | b | o | m | p | 15 |
| y | i | s | t | l | 20 |
| I | oe | K | v | A | 25 |
| d | w | P | b | E | 30 |
| m | p | y | U | G | 35 |
| f | h | J | Oo | g | 40 |
| j | bl | F | br | Y | 45 |
| dr | J | st | W | fl | 50 |
| spr | vr | tw | gl | str | 55 |
| gr | vl | kl | skr | kw | 60 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.3.A**
Leerder se kopie
60 klanke / 60 sekondes

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| u | T | k | a | r |
| N | ie | L | v | d |
| w | b | o | m | p |
| y | i | s | t | l |
| I | oe | K | v | A |
| d | w | P | b | E |
| m | p | y | U | G |
| f | h | J | Oo | g |
| j | bl | F | br | Y |
| dr | J | st | W | fl |
| spr | vr | tw | gl | str |
| gr | vl | kl | skr | kw |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.3.B**
Onderwyser se kopie
60 woorde / 60 sekondes

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| lag | pen | bid | wol | rus | 5 |
| tafel | insek | tale | deken | erken | 10 |
| oefen | ysbere | hande | raket | minder | 15 |
| fluister | vakansie | plesier | eiers | blomme | 20 |
| misluk | agter | gesin | getal | mense | 25 |
| sonlig | parke | ander | tagtig | almal | 30 |
| vul | dak | mot | tik | hop | 35 |
| polisie | skelm | bederf | protes | klere | 40 |
| wonder | vuurpyl | mekaar | rommel | verkoop | 45 |
| bul | hap | dop | hik | rek | 50 |
| skulpe | respek | klimraam | knegte | pragtig | 55 |
| wasbak | komma | verbeel | wasgoed | nogal | 60 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.3.B**
Leerder se kopie
60 woorde / 60 sekondes

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| lag | pen | bid | wol | rus |
| tafel | insek | tale | deken | erken |
| oefen | ysbere | hande | raket | minder |
| fluister | vakansie | plesier | eiers | blomme |
| misluk | agter | gesin | getal | mense |
| sonlig | parke | ander | tagtig | almal |
| vul | dak | mot | tik | hop |
| polisie | skelm | bederf | protes | klere |
| wonder | vuurpyl | mekaar | rommel | verkoop |
| bul | hap | dop | hik | rek |
| skulpe | respek | klimraam | knegte | pragtig |
| wasbak | komma | verbeel | wasgoed | nogal |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans

**Toets 3.3.C**

Onderwyser se kopie

Die lees van leesstukke / 60 & 180 sekondes

| | |
|---|---|
| Maandagoggend gryp Jak sy skooltas en hardloop skool | 8 |
| toe. Hy is baie opgewonde. Daar is ’n groot resies Vrydag. | 19 |
| Hy kan nie meer wag nie. In sy haas vergeet hy sy kosblik | 32 |
| op die kombuistafel. | 35 |
| Pouse is hy so honger soos ’n kerkmuis! Hy sit alleen onder | 47 |
| die boom en kyk hoe die ander kinders hulle kos eet. | 58 |
| Sy beste maat, Anna sien sy hartseer gesig. “Waar is jou | 69 |
| kos?” vra sy. | 72 |
| “Ek het dit vergeet,” fluister Jak. Hy voel hoe sy wange | 83 |
| warm word. | 85 |
| Anna glimlag en gee een van haar toebroodjies vir Jak. | 95 |
| “Ons kan deel,” sê sy. Anna laat ook vir Jak een van die | 108 |
| vrugte kies. | 110 |
| Vrydag breek uiteindelik aan! Die dag van die resies. Jak | 120 |
| en Anna staan gereed. Op julle merke, gereed en daar blaas | 131 |
| die fluitjie! Jak skiet vorentoe soos ’n vuurpyl. Jak is voor! | 142 |
| Skielik hoor Jak iemand agter hom huil. Arme Anna het oor | 153 |
| ’n klip geval. | 156 |
| Jak stop. Hy draai om en help vir Anna. Saam stap hulle na | 169 |
| die wenpaal. Hulle kom heel laaste, maar die ander kinders | 179 |
| klap nog steeds vir hulle hande. | 185 |
| Daardie aand vertel Jak sy pa van die resies. Sy pa glimlag | 197 |
| en sê: “Jy het nie vandag ’n medalje gewen nie, maar jy het | 210 |
| iets beters gewen.” | 213 |
| Jak glimlag. Hy weet wat sy pa bedoel. | 221 |



**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.3.C**
Leerder se kopie

Maandagoggend gryp Jak sy skooltas en hardloop skool toe. Hy is baie opgewonde. Daar is ’n groot resies Vrydag. Hy kan nie meer wag nie. In sy haas vergeet hy sy kosblik op die kombuistafel.

Pouse is hy so honger soos ’n kerkmuis! Hy sit alleen onder die boom en kyk hoe die ander kinders hulle kos eet.

Sy beste maat, Anna sien sy hartseer gesig. “Waar is jou kos?” vra sy.

“Ek het dit vergeet,” fluister Jak. Hy voel hoe sy wange warm word.

Anna glimlag en gee een van haar toebroodjies vir Jak. “Ons kan deel,” sê sy. Anna laat ook vir Jak een van die vrugte kies.

Vrydag breek uiteindelik aan! Die dag van die resies. Jak en Anna staan gereed. Op julle merke, gereed en daar blaas die fluitjie! Jak skiet vorentoe soos ’n vuurpyl. Jak is voor!

Skielik hoor Jak iemand agter hom huil. Arme Anna het oor ’n klip geval.

Jak stop. Hy draai om en help vir Anna. Saam stap hulle na die wenpaal. Hulle kom heel laaste, maar die ander kinders klap nog steeds vir hulle hande.

Daardie aand vertel Jak sy pa van die resies. Sy pa glimlag en sê: “Jy het nie vandag ’n medalje gewen nie, maar jy het iets beters gewen.”

Jak glimlag. Hy weet wat sy pa bedoel.

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.3.D**
Leerder se kopie: Skriftelike begrip

**Merk die korrekte antwoord**

1. **Wat het Jak by die huis vergeet?**
   a. *sy skooltas*
   b. *sy kosblik*
   c. *sy hardloopskoene*
2. **Wat het Anna gedurende pouse vir Jak gegee?**
   a. *'n appel en sap*
   b. *'n toebroodjie*
   c. *'n toebroodjie en 'n vrug*
3. **In hierdie storie het Anna eers vir Jak gehelp en later het Jak vir Anna gehelp. Wat wys dit vir ons oor vriendskap?**
   a. *Hulle help mekaar net om iets terug te kry.*
   b. *Hulle gee vir mekaar om en help wanneer een van hulle 'n probleem het.*
   c. *Hulle hou meer van resies as pouses.*
4. **Dink jy Jak het reg opgetree deur te stop en vir Anna te help?**
   a. *Ja, ek dink Jak was reg, want dit is belangriker om 'n maat te help as om 'n resies te wen.*
   b. *Nee, ek dink Jak was verkeerd, want hy kon die resies gewen het.*
   c. *Nee, ek dink Jak was verkeerd, want iemand anders sou vir Anna gehelp het.*
5. **Watter les leer ons uit die storie?**
   a. *Om 'n vriend te help is belangriker as wen.*
   b. *Ons moet kyk waar ons hardloop.*
   c. *Ons moet kos skool toe neem.*

**Voltooi die antwoorde**

6. **Op watter dag was die groot resies?**
   *Die groot resies was*____________________________________.
7. **Hoekom het Anna geval?**
   *Anna het oor 'n ... geval.* ________________
8. *Nee, ek dink nie hy het 'n goeie pa nie omdat ....*
9. **Hoekom dink jy het Jak se wange warm gevoel toe hy met Anna praat?**
   *Ek dink Jak se wange het warm gevoel omdat* ___________________________.
10. **Dink jy dat Jak 'n vinnige atleet is?**
    *Ja, ek dink Jak is 'n vinnige atleet omdat* ______________________________.
    *Nee, ek dink nie dat Jak 'n vinnige atleet is nie omdat* _____________________.
11. **Wat het Jak se pa bedoel met " ... jy het iets beter gewen."?**
    *Ek dink Jak se pa het bedoel dat* ______________________________________
    ____________________________________________________________.

*12.* **Dink jy Jak het 'n goeie pa?**

*Ja, ek dink hy het 'n goeie pa omdat* ______________________________

______________________________

______________________________

*Nee, ek dink nie dat hy 'n goeie pa het nie omdat* ______________________________

______________________________

______________________________

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.3.D**
Onderwyser se kopie: Skriftelike begrip

**Merk die korrekte antwoord (5 punte)**

1. **Wat het Jak by die huis vergeet?**
   a. *sy skooltas*
   b. *sy kosblik* ✓
   c. *sy hardloopskoene*
2. **Wat het Anna gedurende pouse vir Jak gegee?**
   a. *'n appel en sap*
   b. *'n toebroodjie*
   c. *'n toebroodjie en 'n vrug* ✓
3. **In hierdie storie het Anna eers vir Jak gehelp en later het Jak vir Anna gehelp. Wat wys dit vir ons oor vriendskap?**
   a. *Hulle help mekaar net om iets terug te kry.*
   b. *Hulle gee vir mekaar om en help wanneer een van hulle 'n probleem het.* ✓
   c. *Hulle hou meer van resies as pouses.*
4. **Dink jy Jak het reg opgetree deur te stop en vir Anna te help?**
   a. *Ja, ek dink Jak was reg, want dit is belangriker om 'n maat te help as om 'n resies te wen.* ✓
   b. *Nee, ek dink Jak was verkeerd, want hy kon die resies gewen het.*
   c. *Nee, ek dink Jak was verkeerd, want iemand anders sou vir Anna gehelp het.*
5. **Watter les leer ons uit die storie?**
   a. *Om vir 'n vriend te help is belangriker as wen.* ✓
   b. *Ons moet kyk waar ons hardloop.*
   c. *Ons moet kos skool toe neem.*

**Voltooi die antwoorde (10 punte)**

6. **Op watter dag was die groot resies?**
   *Die groot resies was **Vrydag**. (1 punt)*
7. **Hoekom het Anna geval?**
   *Anna het oor 'n **klip** geval. (1 punt)*
8. **Hoekom dink jy het Jak se wange warm gevoel toe hy met Anna praat?**
   *Leerder se eie voorbeeld. Byvoorbeeld:*
   *Ek dink Jak se wange het warm gevoel omdat hy skaam was dat hy sy kos vergeet het.*
   *Ek dink Jak se wange het warm gevoel omdat hy te skaam was om iets te sê.*
   *(2 punte)*
9. **Dink jy dat Jak 'n vinnige atleet is?**
   *Leerder se eie voorbeeld. Byvoorbeeld:*
   *Ja, ek dink Jak is 'n vinnige atleet omdat hy gou voor was.*
   *Nee, ek dink nie Jak is 'n vinnige atleet nie omdat hy nie eers probeer het om die ander atlete in te haal nie.*
   *(2 punte)*

10. **Wat het Jak se pa bedoel met " … jy het iets beter gewen."?**
*Leerder se eie voorbeeld. Voorbeeld:*
*Ek dink Jak se pa het bedoel dat hy 'n maat gewen het.*
*Ek dink Jak se pa het bedoel dat hy Anna en al sy klasmaats se respek gewen het.*
*(2 punte)*

11. **Dink jy Jak het 'n goeie pa?**
*Leerder se eie voorbeeld. Voorbeeld:*
*Ja, ek dink hy het 'n goeie pa omdat hy Jak daarop wys dat dit belangrik is om 'n goeie vriend te wees.*
*Nee, ek dink nie hy het 'n goeie pa nie omdat hy Jak behoort aan te moedig om te wen.*
*(2 punte)*

# Kwartaal 3 Ontledingsvorm

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 3 Kwartaal 3
**Ontledingsvorm**

| Klanke 3.3.A | Fouttelling | Totaal | Woorde 3.3.B | Fouttelling | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| u | | | lag | | |
| T | | | pen | | |
| k | | | bid | | |
| a | | | wol | | |
| r | | | rus | | |
| N | | | tafel | | |
| ie | | | insek | | |
| L | | | tale | | |
| v | | | deken | | |
| d | | | erken | | |
| w | | | oefen | | |
| b | | | ysbere | | |
| o | | | hande | | |
| m | | | raket | | |
| p | | | minder | | |
| y | | | fluister | | |
| i | | | vakansie | | |
| s | | | plesier | | |
| t | | | eiers | | |
| l | | | blomme | | |
| I | | | misluk | | |
| oe | | | agter | | |
| K | | | gesin | | |
| v | | | getal | | |
| A | | | mense | | |
| d | | | sonlig | | |
| w | | | parke | | |
| P | | | ander | | |
| b | | | tagtig | | |
| E | | | almal | | |

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 3 Kwartaal 3
**Ontledingsvorm**

| **Klanke 3.3.A** | **Fouttelling** | **Totaal** | **Woorde 3.3.B** | **Fouttelling** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|
| m | | | vul | | |
| p | | | dak | | |
| y | | | mot | | |
| U | | | tik | | |
| G | | | hop | | |
| f | | | polisie | | |
| h | | | skelm | | |
| J | | | bederf | | |
| Oo | | | protes | | |
| g | | | klere | | |
| j | | | wonder | | |
| bl | | | vuurpyl | | |
| F | | | mekaar | | |
| br | | | rommel | | |
| Y | | | verkoop | | |
| dr | | | bul | | |
| J | | | hap | | |
| st | | | dop | | |
| W | | | hik | | |
| fl | | | rek | | |
| spr | | | skulpe | | |
| vr | | | respek | | |
| tw | | | klimraam | | |
| gl | | | knegte | | |
| str | | | pragtig | | |
| gr | | | wasbak | | |
| vl | | | komma | | |
| kl | | | verbeel | | |
| skr | | | wasgoed | | |
| kw | | | nogal | | |

# Assesseringsprogram

## Graad 3 Kwartaal 3

**Die hersiene onderrigplan voorsien 'n model van skoolgebaseeerde assessering (SBA) vir elke kwartaal. Hiervolgens moet die volgende vaardighede en konsepte in Kwartaal 3 geassesseer word:**

| KOMPONENT | TAAK |
|---|---|
| **Luister en Praat** | Stel oplossings vir 'n probleem voor, spesifiek vir woordprobleme in Wiskunde.<br>Vertel 'n storie met 'n begin, middel en einde. |
| **Klanke** | Kan meervoude vorm. Kan woorde vorm deur samevoegings wat uit drie konsonante bestaan, te gebruik.  Kan woorde spel met -ng- in die middel.<br>Spel woorde korrek deur gebruik te maak van klankkennis in informele toetse, diktee en alle skriftelike werk. |
| **Lees en Begrip** | Lees 'n boek op jou eie vlak hardop.<br>Gebruik sigwoorde, klankleer, kontekstuele en strukturele ontledingsvaardighede om woorde te dekodeer.<br>Monitor eie lees tydens die leesproses, beide ten opsigte van woordherkenning en leesbegrip.<br>Luister na die teks en gee aandag aan:<br>• Beantwoord letterlike vrae<br>• Maak voorspellings<br>• Plaas gebeure in die teks in die korrekte volgorde<br>• Maak afleidings<br>• Maak evaluasies |
| **Handskrif** | Kopieer geskrewe teks korrek vanaf die skryfbord, handboeke en werkkaarte, en gee aandag aan die korrekte vorming en spasiëring van letters in lopende skrif. |
| **Skryf** | Skryf persoonlike tekste in verskillende vorme: 'n dagboekinskrywing 'n brief aan 'n familielid en 'n beskrywing.<br>Taalgebruik: sinskonstuksie, leestekens, tye van die werkwoord en voegwoorde. |

## VOORBEELDE VAN ASSESSERINGSTAKE

- *Hierdie assesseringstake is ontwerp om deel te vorm van die NHLRP.*
- *Waar toepaslik word die NHLPR se MLV-toetse ingesluit as deel van die assesseringsprogram.*
- *Hierdie assesseringstake mag net so gebruik word of aangepas word om aan Distriksvereistes te voldoen.*

## Luister en Praat

Vertel 'n storie met 'n begin, middel en einde.
Stel oplossings vir 'n probleem voor, spesifiek vir woordprobleme in Wiskunde.

### Aktiwiteit 1

- Wees bewus van die leerder se deelname tydens wiskunde.
- Vra elke leerder gedurende die kwartaal om 'n oplossing vir 'n woordprobleem te deel.

### Aktiwiteit 2

- Doen dit op Woensdae, gedurende die Luister en Praat in Weke 2, 4 en 6.
- Gebruik die NHLRP-lesplanne saam met die Kreatiewe Storievertellingsprente in die NHLRP-kernleesboek.
- Sê vir die leerders dat wanneer hulle 'n verhaal vertel, hulle die volgende moet doen:
  - Vertel die verhaal in die korrekte volgorde: wat het eerste, daarna, en laaste gebeur.
  - Sê iets net een keer, moenie jouself herhaal nie.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Oplossings vir woordprobleme** | Die leerder sukkel om 'n oplossing vir 'n woordprobleem te deel, selfs met ondersteuning van die onderwyser. | Die leerder deel 'n oplossing vir 'n woordprobleem as hy/sy direk gevra word. | Die leerder bied dikwels vrywillig oplossings vir woordprobleme aan. Die leerder huiwer soms of herhaal wat gesê is. | Die leerder bied dikwels vrywillig oplossings vir woordprobleme aan. Die leerder praat vlot en met selfvertroue. |
| **Struktuur en volgorde** | Die leerder vertel onbenullige stukke van die verhaal in die verkeerde volgorde. | Die leerder vertel 'n deel van die verhaal in die korrekte volgorde. | Die leerder vertel die grootste deel van die verhaal in die korrekte volgorde. | Die leerder vertel die verhaal in die korrekte volgorde. |
| **Vlotheid** | Die leerder huiwer dikwels, neem lang pouses of herhaal baie van wat gesê is. | Die leerder huiwer van tyd tot tyd, neem soms pouses of herhaal soms van wat gesê is. | Die leerder se aanbieding is meestal vlot met slegs 1 of 2 kere wat hy/sy huiwer, 'n pouse neem of iets herhaal. | Die leerder se aanbieding is vlot en selfversekerd. |

### Klanke

Spel woorde korrek deur gebruik te maak van klankkennis in informele toetse, diktee en alle skriftelike werk.
Kan meervoude vorm. Kan woorde vorm deur samevoegings wat uit drie konsonante bestaan, te gebruik. Kan woorde spel met -ng- in die middel.

## Aktiwiteit

- Doen dit in Weke 2–7 tydens die Vrydag se Klanklesse.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Assesseer elke week se spelling- en dikteetoets soos volg:
  a. Ken 1 punt toe vir elk van die 5 woorde wat korrek gespel is. (maksimum: 5)
  b. Begin met 7 punte vir die dikteesin. Trek 1/2 punt af vir elke fout. (maksimum: 7)
  c. Teken elke leerder se weeklikse resultaat uit 'n moontlike totaal van 12 punte aan.

Berekening van kwartaaluitslae:

- Tel elke leerder se uitslae vir die 6 toetse bymekaar.
- Deel deur 6 om die leerder se gemiddeld te kry.
- Gaan deur elke leerder se skryfboek teen die einde van die kwartaal en let op hul spelling in alle skriftelike aktiwiteite.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Gemiddelde uitslag van weeklikse spelling en diktee** | 0-3 punte | 4–6 punte | 7–9 punte | 10-12 punte |
| **Gebruik van klankkennis en korrekte spelling in alle skriftelike werk** | Die leerder maak dikwels spelfoute en die verskeidenheid woorde wat in skriftelike werk gebruik word, is ontoereikend. | Die leerder maak dikwels spelfoute of die verskeidenheid woorde wat in skriftelike werk gebruik word, is beperk. | Die leerder gebruik 'n voldoende verskeidenheid woorde in skriftelike werk. Daar is enkele spelfoute sigbaar. | Die leerder gebruik 'n wye verskeidenheid woorde in skriftelike werk. Spelfoute kom selde voor. |



## Lees

Lees 'n boek op jou eie vlak hardop.
Gebruik sigwoorde, klankleer, kontekstuele en strukturele ontledingsvaardighede om woorde te dekodeer.
Monitor eie lees tydens die leesproses, beide ten opsigte van woordherkenning en leesbegrip.

## Aktiwiteit

- Doen dit aan die einde van die kwartaal.
- Gebruik NHLRP MLV-Toets 3.3.C
- Roep die leerders een-vir-een om die MLV-toets te voltooi, soos per die instruksies.
- Dokumenteer die leerder se MLV-resultate op die MLV-rekorderingsbladsy.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Dekoderings-vaardighede** | Die leerder se MLV-telling is ver onder die Nasionale Leesmaatstaf. | Die leerder se MLV-telling is effens onder die Nasionale Leesmaatstaf. | Die leerder se MLV-telling voldoen aan die Nasionale Leesmaatstaf. | Die leerder se MLV-telling oorskry die Nasionale Leesmaatstaf. |
| **Monitor van leesvaardighede** | Die leerder is nie in staat om sy/haar leesvaardigheid self te monitor nie. | Die leerder stop en herlees soms 'n woord of sin om hom-/haarself te korrigeer of om te probeer verstaan. | Die leerder stop en herlees gereeld 'n woord of sin om hom-/haarself te korrigeer of om te probeer verstaan. | Die leerder lees vlot. Indien die leerder sukkel, is hy/sy bewus daarvan en kan hulle hulself onmiddellik korrigeer. |



## Begrip

Luister na die teks en gee aandag aan:

- Beantwoord letterlike vrae
- Maak voorspellings
- Plaas gebeure in die teks in die korrekte volgorde
- Maak afleidings
- Maak evaluasies

### Aktiwiteit

- Doen dit aan die einde van die kwartaal (Groepbegeleide lees).
- Gebruik die MLV-toets 3.3.D (skriftelike begrip) vir hierdie aktiwiteit.
- Maak afskrifte van die toets vir die leerders.
- Maak seker at u MLV-toets 3.3.C eers met alle leerders afhandel.
- Lees die teks van die MLV-toets 3.3.C hardop aan die leerders.
- Lees die vrae hardop en verduidelik hoe dit beantwoord moet word.
- Neem die leerders se papiere aan die einde van die les in om gemerk te word.
- Gebruik die memorandum wat as deel van die MLV-toets in die Assesseringsboek voorsien word.
- Gebruik die omskakelingstabel om dit na 'n vlak om te skakel.

| Totaal | VLAK |
|---|---|
| 1 – 2 | 1 |
| 3 - 4 | 2 |
| 5 - 6 | 3 |
| 7 - 8 | 4 |



## Handskrif

Kopieer geskrewe teks korrek vanaf die skryfbord, handboeke en werkkaarte, en gee aandag aan die korrekte vorming en spasiëring van letters in lopende skrif.

### Aktiwiteit

- Doen dit regdeur die kwartaal gedurende die Handskriflesse.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Loop gedurende die les in die klas rond en neem die leerders se handskrifvaardighede waar.
- Gaan deur die leerders se boeke teen die einde van die kwartaal om die leerders se handskrifvordering waar te neem.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek te gebruik wat volg.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Vorming van lopende skrif** | Die meeste letters is swak of verkeerd gevorm. | Sommige letters is swak of verkeerd gevorm. | Letters is korrek gevorm, maar aandag kan aan netheid gegee word. | Letters is korrek en netjies gevorm. |
| **Konsekwentheid van lettergrootte** | Die grootte en spasiëring van woorde is inkonsekwent. | Die grootte en spasiëring van woorde is soms inkonsekwent. | Die grootte en spasiëring van woorde is meestal konsekwent. | Die grootte en spasiëring is konsekwent. |

### Skryf

Skryf persoonlike tekste in verskillende vorme: 'n dagboekinskrywing 'n brief aan 'n familielid en 'n beskrywing.
Taalgebruik: sinskonstuksie, leestekens, tye van die werkwoord en voegwoorde.

## Aktiwiteit

- Assesseer leerders dwarsdeur die kwartaal en neem kennis van die volgende:
  **Weke 3-4**
  Genre: Brief
  Taalgebruik: Kommas
  **Weke 5-6**
  Genre: Beskrywende skryfwerk
  Taalgebruik: Byvoeglike naamwoorde
  **Weke 7-8**
  Genre: Dagboekinskrywing
  Taalgebruik: Voegwoorde
- Gee in alle skryftake aandag aan sinskonstruksie, leestekens en tye van die werkwoord.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Neem die leerders se boeke aan die einde van lesse op Vrydae in Weke 2, 4, 6 en 8 in vir assessering.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek te gebruik wat volg.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Skryf van ’n dagboekinskrywing** | Die leerder ervaar aansienlike uitdagings met die formaat, gepaste toon en inhoud van ’n dagboek-inskrywing. | Die leerder ervaar sekere uitdagings met die formaat, gepaste toon en inhoud van ’n dagboek-inskrywing. | Die leerder ervaar sekere uitdagings met een aspek van die dagboek-inskrywing: die formaat, gepaste toon of inhoud. | Die leerder het die formaat, gepaste toon en inhoud van die dagboek-inskrywing bemeester. |
| **Skryf van ’n brief** | Die leerder ervaar aansienlike uitdagings met die formaat, gepaste toon en inhoud van ’n brief. | Die leerder ervaar sekere uitdagings met die formaat, gepaste toon en inhoud van ’n brief. | Die leerder ervaar sekere uitdagings met een aspek van die brief: die formaat, gepaste toon of inhoud. | Die leerder het die formaat, gepaste toon en inhoud van die brief bemeester. |
| **Die skryf van ’n beskrywing** | Die leerder se beskrywings is voorspelbaar en vebeeldingloos. | Die leerder se beskrywings is soms voorspelbaar en vebeeldingloos. Sommige beskrywings toon tekens van belofte. | Die leerder se beskrywings toon belofte, en baie daarvan is interessant en verbeeldingryk. | Die leerder se beskrywings is interessant en verbeeldingryk. |
| **Sinskonstruksie en gebruik van voegwoorde** | Die leerder maak dikwels foute wat met sinskonstruksie te doen het. Daar is geringe of geen poging om voegwoorde te gebruik nie. | Die leerder maak soms foute wat met sinskonstruksie te doen het. Die leerder probeer om voegwoorde te gebruik, maar daar mag foute wees. | Die leerder maak af en toe foute wat met sinskonstruksie te doen het. Die leerder begin om suksesvol voegwoorde in sy/haar skryfwerk te gebruik. | Die leerder struktrureer alle sinne korrek. Die leerder gebruik suksesvol voegwoorde in sy/haar skryfwerk. |
| **Leestekens** | Die leerder sukkel om konsekwent en korrek hoofletters en punte te gebruik, selfs met ondersteuning. | Die leerder gebruik hoofletters en punte korrek, maar sukkel met ander leestekens. | Die leerder gebruik alle aangeleerde leestekens korrek en maak af en toe foute. | Die leerder gebruik alle aangeleerde leestekens korrek en maak selde foute. |

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Tye van die werkwoord** | Die leerder sukkel om tye van die werkwoord korrek en konsekwent te gebruik. | Die leerder maak 'n paar foute wat met die tye van die werkwoord verband hou. | Die leerder maak af en toe foute wat met die tye van die werkwoord verband hou. | Die leerder gebruik tye van die werkwoord korrek en konsekwent |



NHLRP | National Home Language Reading Programme